Laerskool Queenswood

Omsendbrief 2

26 Januarie 2011

Geagte Ouers en Voogde

KALENDERS:

Elke jongste en enigste leerder in die skool het 'n jaarkalender ontvang. Op hierdie kalender is al die belangrike datums vir die jaar aangedui.

PERSONEEL VERJAARSDAE:

Mnr. Marsh het op 22 Januarie verjaar en mej. Grobler verjaar op 31 Januarie. Ons wens hierdie twee personeellede baie geluk met hulle verjaarsdae en hoop dat dit vir hulle 'n wonderlike jaar sal wees.

ATLETIEK:

Op hierdie stadium gaan Donderdag, 27 Januarie, se atletiekbyeenkoms by Totiusdal voort.

Slegs atlete wat briewe ontvang, neem aan die Top 6 atletiekbyeenkoms op 31 Januarie deel.

Die datum vir die Clusterbyeenkoms is 7 Februarie.

RUGBY:

Die 0/12 en 0/13 rugbyseuns oefen elke Maandag tot Donderdag vanaf 16:30 tot 18:00.

Die rugbykliniek oefen op Woensdae.

Die 0/12 rugbyproewe vind op Dinsdag, 1 Februarie, om 16:30 by die skool plaas.

PAPIERHERWINNING:

Die skool is tans besig om met 'n kontrakteur, wat by die skool papier oplaai vir herwinning, te onderhandel. In volgende week se omsendskrywe sal u meer hieromtrent lees.

DRAMAKLASSE:

Privaat dramaklasse word vir leerders vanaf eerskomende Donderdagmiddag tussen 13:30 en 17:30 in klaskamer 43 aangebied. Vir navrae skakel Sarina Dönges by telefoonnommer 073 175 9671.

DAGBOEKE:

Leerders wat nog nie dagboeke het nie, kan A5 dagboeke van Dean's teen R21.00 tot 28 Januarie by die skool bestel.

VOORTREKKERS:

Alle leerders word uitgenooi om deel van Queenswood Voortrekkers te wees. Ouers word benodig vir offisiere. Indien u nog "jonk en cool" voel, sluit dan ook aan. Byeenkomste vind op Maandae vanaf 17:00 tot 18:00 op die skoolgronde plaas. Ledegeld is R450.00 per jaar. Vir meer inligting skakel Fred: 012-333 8455 of Retha: 012-3334271.

Vriendelike groete

……..…….....

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Kalenders

Verjaarsdae

Atletiek

Rugby

Papierherwinning

Dramaklasse

A5-dagboeke

Voortrekkers